## Waarom geslag nie in die onderwys saak maak nie

**Nuraan Davids***

Navorsing bevestig dat hoewel soortgelyke altruïstiese redes mans en vroue dikwels motiveer, kies hulle om verskillende redes die onderwys as beroep. Vroue-onderwysers word moontlik meer gemotiveer deur die vermeende intrinsieke aspekte van onderwys, of hulle heg waarde daaraan om onderwys met ouerskap te kombineer, en daarom is hierdie professie hul eerste keuse. In kontras hiermee word mans afgesit deur die swak salaris en met die assosiasie van onderwys met moedersorg veral op laerskoolvlak en daarom kies hulle soms die beroep later in hul lewens.

Hoewel daar meer vroue-onderwysers in laer en hoër skole in die land is, is hulle onderverteenwoordig in leierskapsrolle (skoolhoofde). Ter voorbereiding vir hierdie artikel vir Vrouedag (9 Augustus) het ek die inskrywingsyfers by die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit Stellenbosch bestudeer. Ek het gevind daar het in 2020 809 vroue-onderwysers en 142 mans vir ons BEd-program (grondslag- en intermediêre fase) ingeskryf, terwyl daar 204 vroue en 76 mans vir ons nagraadse onderwyssertifikaat (senior en verdere onderwys- en opleiding-fase) ingeskryf het. Daar is ’n beduidende verskil in die aantal vroue en mans in albei, met ’n aansienlike verskil tussen manstudente wat laerskoolonderwys gekies het teenoor diegene wat hoërskoolopleiding gekies het.

Vroue se oorheersende teenwoordigheid in die onderwys – veral op laerskoolvlak – het kommer oor die ‘feminisasie’ van onderwys laat onstaan. Hierdie bekommernisse fokus daarop dat die onderwys toenemend as ’n ‘beroep vir vroue’ beskou word; en dat die afwesigheid van mansonderwysers veral ’n uitwerking op manlike leerders sal hê ten opsigte van dissipline, motivering en sosiale interaksie. Met ander woorde, die aanduiding is dat die swak akademiese prestasies van manlike leerders aan die oormag vroue-onderwysers toegeskryf kan word; en dat doeltreffende onderrig manlike oorwig benodig.

Gevolglik is daar oproepe dat die onderwys weer vermanlik moet word. Die vermeerdering van die aantal en teenwoordigheid van mansonderwysers word dikwels – ongevraagd – as iets positiefs vir manlike leerders gekonstrueer. Die aanname is dat manlike leerders manlike rolmodelle moet hê om akademies te presteer of in sport uit te blink, om gedissiplineerd te wees of om ‘man te word’. Maar is dit die regte ding om te doen?

Die argument vir ‘hervermanliking’ is op betwiste aannames gegrond wat deur geslagsrol-sosialisasieteorieë ondersteun word waarvolgens manlikheid en vroulikheid slegs in onderskeidelik manlike en vroulike liggame gesetel is. Daar is ’n aantal groot bekommernisse oor strategieë wat daarop gemik is om die aantal mansonderwysers te vermeerder bloot om manlike verteenwoordiging te hê.

Eerstens is daar die idee dat ’n ‘vervroulikte’ onderwysberoep slegs as negatief ten opsigte van manlike leerders, en nie vroulike leerders nie, beskou word. Tweedens, was die fokus daarop gerig om die beroep vir mans aanloklik te maak, en daardeur is ’n manlike voorreg onopsetlik gevoed, eerder as om die maniere uit te daag waarop die ‘vervroulikte’ kenmerke wat met die onderwys verbind word, gedevalueer is en om die gevolge hiervan vir vroue in die onderwysberoep aan te spreek. In hierdie verband sal geslagspesifieke sosialisering beide mans en vroue terughou.

Aan die een kant glo vroue dalk aan en kan hulle inkoop in die tradisionele sienings van hulleself as primêre versorgers, en daarom strewe hulle as onderwysers nie na leierskaps- of administrateursposte soos kurrikulumontwerpers, institusionele bestuurders of direkteure nie. Aan die ander kant word mans dalk nie deur ’n gebrek aan belangstelling of swak salarisse ontmoedig om ’n onderwysberoep te volg nie, maar eerder weens stereotipes wat die onderwys as ‘die vrou se

werk' uitmaak, en aanvaar hulle implisiete leierskapsvaardighede en -eienskappe waarvoor hulle moontlik nie bevoeg is of dit nie regtig begeer nie.

As ons verder aanvaar dat swak salarisse wel mans ontmoedig om 'n loopbaan in die onderwys te volg, moet ons meer pertinent vra waarom beroepe wat tradisioneel met vroue vereenselwig word, swak betaal word. Ons moet inderdaad hierdie selfde vraag vra oor alle beroepe waarin sorg, deernis en empatie 'n belangrike rol speel.

Verteenwoordiging ten opsigte van geslag kan dus nie verstaan word in terme van tweeledige konstruksies tussen mans en vroue nie. Die klein hoeveelheid mans in die onderwysberoep is inderdaad kommerwekkend – vir alle leerders en nie net vir manlike leerders nie – maar nie omdat daar 'n tekort aan mans is nie. Die kommer hou eerder verband met hoe ons verskil en diversiteit verstaan. Om die tekort aan mans te homogeniseer, word hierdie verskille uit die oog verloor en word dit wat verteenwoordiging aandui, ondermyn.

Soos bespreek in hierdie artikel, is daar baie redes – sommige ingewikkelder as ander – vir die klein hoeveelheid mansonderwysers in skole in die meeste liberale demokrasieë. Die blote vermeerdering van die aantal mans sal nie die stigma van die onderwys as 'vroue se werk' aanspreek nie. Dat die onderwys met versorging geassosieer word en daarom as 'n 'vrouerol' beskou word, lewer kommentaar op die hegemonies van mag, wat die wêreld in slegs twee geslagte verdeel – manlik en vroulik. Om hierdie stigma ongedaan te maak, vereis 'n ontwrigting van die patriargale diskoers en norme, wat die marginalisering en minimalisering van vroue verewig ten einde 'n manlike wêrelduitkyk sentraal te stel.

Tweedens sal die vermeerdering van die aantal mansonderwysers nie tot 'n verhoging in salarisse en dus tot die erkenning van die onomwonde waarde van onderwysers en onderrig lei nie. Derdens sal die vermeerdering van die aantal mansonderwysers nie 'mans van seuns' maak nie, of hul akademiese potensiaal verbeter of hulle meer gedissiplineerd maak nie. Leerders – ongeag of hulle hulself as deel van 'n spesifieke geslagskonstruksie beskou of nie – het onderwysers nodig wat onvoorwaardelik tot die onderwys verbind is en wat verbind is aan die leerders wat hulle onderrig.

Die fokus op geslag skep dus nie 'n argument vir meer mansonderwysers in skole nie. Die fokus op geslag moet die rol van patriargale oorheersing in verhouding tot die ideologiese konstruksie en persepsie van die onderwys as ''n vrou se werk' beklemtoon. Die uitdaging is dus om te verseker dat die onderwys bo raamwerke van 'vervrouliking' of 'vermanliking' uitstyg en dat dit die nodige stand en aansien ontvang wat dit so duidelik in enige samelewing verdien.

***Nuraan Davids is 'n professor in die opvoedkunde by die departement Opvoedingsbeleidstudie aan die Universiteit Stellenbosch.**